

15 Desember

**Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-43:13 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 43:1-3**

### **Die kneg van die Here**

Wie sou hierdie dienaar wees? Die term word in die Skrif gebruik vir vrome Godsmanne soos Moses. Dit word ook gebruik vir Israel, die verbondsvolk van die HERE. Sommiges sien hierin 'n heenwysing na iemand soos Hiskia of Serubbabel wat tydens die terugkeer uit Babel opgetree het as leiers van die volk. Terselfdertyd het ons hier ook met 'n profesie oor die Messias te doen. So staan daar in Matteus 12:15 en verder oor Jesus: "...sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur Jesaja, die profeet. Kyk, my Kneg wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel 'n welbehae het ... Hy sal nie twis of uitroep nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. 'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring".

Nadat beskryf is hoe die Kneg sy diens verrig, word in menslike taal vertel hoe die Here uittrek om sy volk te verlos. Hoe waar is die trooswoorde van hoofstuk 43 daarom ook vandag nog: "Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie ... Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou..."..

*Sing: Psalm 42:4,5*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*